

# DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL

## VAN SUID AFRIKA

Saaknommer: 77/97

Insaak die appèl van

**Philip John Fivaz** Appellant

en

**ABSA Bank Beperk** Respondent

**Coram:** VAN HEERDEN AHR, VIVIER, HOWIE, SCOTT ARR en  
MELUNSKY WndAR

**Datum van Verhoor:** 10 November 1998

-

**Datum gelewer:** 10 November 1998

### UITSPRAAK

#### **VAN HEERDEN AHR:**

Afgesien van ander oorwegings kan die appèl nie slaag nie tensy bewys is dat Volkskas teenoor die appellant die voorstelling gemaak het dat 'n nuwe huurkontrak ten opsigte van die voorhaker tussen McGregor en Volkskas aangegaan was.

Ek bespeur nie in die appellant se eie getuienis 'n ondubbelsinnige aanduiding dat Jacobs so 'n voorstelling gemaak het nie. Die appellant het bont gepraat, maar by ontleding van sy getuienis het Jacobs volgens hom slegs gesê dat indien 'n nuwe kontrak gesluit sou word (d.w.s. in die toekoms) die appellant van sy borgstelling bevry sou wees.

Hoe dit ook al sy, Jacobs ontken dat hy te kenne gegee het dat 'n nuwe kontrak reeds gesluit was, en aangesien hy geweet het dat dit nog nie gebeur het nie is dit heel onwaarskynlik dat hy so iets sou gesê het.

Die appellant se advokaat het ook gesteun op 'n voorstelling wat Volkskas deur gedrag sou gemaak het. Die betrokke betoog stuit egter teen die nadere besonderhede wat tot die verweerskrif verstrek is. In antwoord op 'n vraag hoe Volkskas die skyn, waarop die appellant gesteun het, verwek het, is naamlik gesê dat die appellant aldus meegedeel was. Daar was gevoldiglik geen sprake van gedrag — in teenstelling tot 'n mededeling — waarop die appellant hom beroep het nie.

Die betoog het in elk geval weinig om die lyf. Die aanvaarding deur Volkskas van die bedrag van R5 000 wat McGregor betaal het en die lewering van die voorhaker aan hom, was immers goed vereenselwigbaar met een of ander tussentydse reëling wat met McGregor aangegaan was.

Ander argumente wat namens die appellant geopper is, is eweneens sonder pit en hoef nie vermeld te word nie.

Die appèl word met koste afgewys.

## **HJO VAN HEERDEN**

## **ADJUNK HOOFREGTER**

### **STEM SAAM:**

**VIVIER AR**

**HOWIE AR**

**SCOTT AR**

**MELUNSKY WndAR**